higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

VERLIESBEHEER N6

22 April 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Produk gehalteverbetering:
- Gehalteversekering
- Nuweproduk-ontwikkeling

Werksplekverbetering:
- Kosteverlaging
- Veiligheid
- Verbetering van produktiwiteit

Bestuur:
- Onderwys en opleiding
- Organisatoriese/Stelselontwikkeling
- Kruisfunksionele of multifunksionele bestuur
- Beleidsontplooiing
- Gehalteontplooiing

Voorsiening-, produksie- en verkoopsketting:
- Voorsieningsbestuur
- Nakoming van produksiekwotas
- Nakoming van afleweringskedules
- Bemarking
- Verkope
- Dienste (4 × 2) **[8]**

VRAAG 2

- Gee die terugvoering van aangesig tot aangesig en privaat.
- Gee die terugvoering so gou moontlik ná die waarnemingsproses.
- Begin met erkenning van veilige gedrag wat waargeneem is.
- Identifiseer die substandaard gedrag wat waargeneem is.
- Spesifiseer die veilige alternatief vir die substandaard gedrag.
- Spreek kommer uit oor die persoon se welstand.
- Versoek dat persoon hom/haar daartoe verbind om substandaard gedrag te vermy.
- Bedank die persoon vir sy/haar verbintenis tot voortdurende verbetering. **[8]**

VRAAG 3

Die aantal gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers vir ’n werksplek of afdeling daarvan behoort in die geval van winkels en kantore minstens een gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordiger vir elke 100 werknemers of gedeelte daarvan te hê en in die geval van alle ander werksplekke minstens een gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordiger vir elke 50 werknemers of gedeelte daarvan, mits daardie werknemers wat werk verrig by ’n ander werksplek as waar hulle normaalweg vir diens aanmeld beskou sal word as sou hulle werksaam wees by die werksplek waar hulle op dié wyse vir diens aanmeld. **[6]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Chemies:
- Stof/Vesels
- Walms of dampe
- Rook
- Gasse

Fisies:
- Geraas
- Temperatuur
- Verligting
- Trilling/Vibrasie
- Druk
- Bestraling

Biologies:
- Bakterieë
- Parasiete

Ergonomies:
- Herhalende beweging
- Hys/lig van swaar voorwerpe (4 × 3) **[12]**

VRAAG 5

- Mense wat oor los voorwerpe op die vloer struikel.
- Artikels wat van bo af val.
- Mense wat op vetterige, nat of vuil vloere gly.
- Mense wat teen materiaal stamp wat uitsteek, swak gestapel of verkeerd geplaas is.
- Hande of ander liggaamsdele wat gesny word op spykers wat uitsteek, staalbande, splinters.
- Brande. (Enige 5 × 2) **[10]**

VRAAG 6

- Leesbaarheid: Sal dit die risiko vir gevaar oordra? Versterk dit met tekens vir gevaar.
- Begrip: Kan die gebruiker die konteks van die boodskap interpreteer? Vermy die gebruik van ingewikkelde woorde.
- Verstaanbaarheid: Alle elemente moet verstaan word en die betekenis vertolk word.
- Praktiese aard: Die waarskuwing moenie onprakties of teenstrydig wees nie.
- Versoenbaarheid: Dit moet bekende standaarde en regulasies nakom.
- Opsigtelikheid: Is die waarskuwing opmerklik?
- Duursaamheid: Sal die etiket vir die duur van die produk se gebruik vaskleef?
- Plasing: Is die waarskuwing op die geskikste en opmerklikste plek geplaas? **[8]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

- Neem beheer oor die toneel.
- Verleen noodhulp en kontak nooddienste.
- Beheer potensiële sekondêre voorvalle.
- Identifiseer bronne van getuienis op die toneel.
- Bewaar getuienis.
- Bepaal verliespotensiaal.
- Stel toepaslike personeel in kennis. **[7]**

VRAAG 8

- Oliepeil.
- Water.
- Battery.
- Brandstof.
- Ligte.
- Remme.
- Waarskuwingslig-instrumente.
- Buitebande.
- Brandblusser.
- Banddruk.
- Bakpanele. **[11]**

VRAAG 9

- Deelnemers moet vrywilligers wees.
- Deelnemers behoort fisiek in staat te wees om alle take uit te voer wat verband hou met die reaksiespan se verantwoordelikhede.
- Iemand behoort as die leier van die noodreaksiespan aangewys te word.
- Opleidingsdoelwitte behoort jaarliks gestel en daarna bereik te word.
- Opleiding behoort spanlede voor te berei vir toestande wat hulle realisties kan teëkom.
- Deelnemers behoort kennis te dra van spesiale risiko's deur die hele fasiliteit, soos die berging en gebruik van chemikalieë, vlambare vloeistowwe en gasse, toksiese stowwe, waterreaktiewe stowwe, ens.
- Noodsaaklike nutstoerusting en persoonlike beskermende toerusting (PBT) behoort voorsien te word en spanlede behoort bevoeg in die gebruik van hierdie toerusting te wees.
- Daar behoort genoeg deelnemers te wees sodat die span te alle tye volledig is.
- Daar behoort gereelde oefeninge te wees om te verseker dat spanlede toereikend voorberei is.
- Spanlede behoort vertroud te wees met toepaslike areas van die terrein om behoorlike reaksie en staking van werksaamhede moontlik te maak. **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 10

- Voorbereiding.
- Aanbieding.
- Versterking.
- Toepassing.
- Voorbeeld van leierskap. **[5]**

VRAAG 11

- Boks weggooibare handskoene wat dig/nie-poreus is.
- Verseëlde houers met alkohol lappies of antiseptikum.
- Klein skêre of haartangetjies (om splinters te verwyder).
- Termometer.
- Kleefverband.
- Steriele gaasvierkante (2' en 3').
- Buigsame rolgaas (1' en 2').
- Driehoekige verbande.
- Haakspelde.
- Oog verbande.
- Middel vir insekbyte.
- Potlood en notaboek.
- Ipekakuanastroop.
- Yssak.
- Klein spalke/spalkverbande.
- Verseëlbare plastieksakkies vir vuil/gebruikte materiale. (Enige 10 × 1) **[10]**

VRAAG 12

- Werknemeroneerlikheid.
- Vervalsing en wysiging.
- Roof.
- Inbraak.
- Kluisinbraak.
- Diefstal.
- Verdwyning.
- Vernietiging.
- Rekenaarbedrog.
- Afpersing. (Enige 5 × 1) **[5]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou